



WISKUNDIGE GELETTERDHEID GR11
ONDERSOEK KW3
KAARTWERK & FINANSIES
TOTAAL: 50

Taak3.2


INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en nie grafies) gebruik, tensy anders aangedui.
5. Toon AL die bewerkings duidelik aan.
6. Rond AL die finale antwoorde toepaslik volgens die gegewe konteks af, tensy anders aangedui.
7. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.
8. Kaarte en diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken nie, tensy anders vermeld.
9. Skryf netjies en leesbaar.
- 10.
- 1.1. Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

BYLAAG A	
Tipe motor	Kia Seltos
Enjin kapasiteit	50 liter
Petrolverbruik	ongeveer 7,5l/100km
Koste van Petrol	R25.095

- 1.1.1 Skryf die eenheidskoers van die petrolverbruik vir die motor neer per liter, rond antwoord af tot die naaste kilometer. (km/l) . 3
- 1.1.2 Hoeveel kilometer kan die motor ry met 'n vol tenk? 2

Gebruik die volgende kaart en beantwoord die vrae wat volg.



- 1.2. Pitso woon in Bronkhorstspuit en werk in Centurion.
 - 1.2.1. Wat is die algemene rigting van Centurion vanaf Bronkhorstspuit? (2)
 - 1.2.2. Meet die lengte van die staaf, in cm. (2)
 - 1.2.3. Herlei die staafskaal na 'n numeriese skaal; en rond jou antwoord af tot die naaste 10 000. (3)
 - 1.2.4. Vergelyk jou antwoord in Vr.1.2.3 met die gegewe numeriese skaal op die kaart. (1)
Wat is jou bevinding?
 - 1.2.5. Bepaal die werklike afstand tussen Bronkhorstspuit en Centurion in km, soos wat die kraai vlieg deur gebruik te maak van die gegewe staafskaal. (5)

- 1.3. Pitso woon weekliks Saterdag klasse in Randburg by .
- 1.3.1. Gebruik die staafskaal op die kaart om die werklike afstand, in km, tussen Bronkhorstspuit en Randburg (soos die kraai vlieg) te bepaal. (4)
- 1.3.2. Bepaal die koste vir petrol vir `n enkelrit werk toe. (Pitso bestuur `n Kia Seltos) (3)
- 1.3.3. Bepaal die petrolkoste vir `n enkelrit klasse toe. (3)
- 1.3.4. Bepaal die petrolkoste vir `n volle week, indien hy van Maandag tot Vrydag werk, en klasse op `n Saterdag bywoon. (5)

- 1.4.1. Bepaal die werklike afstand tussen Bronkhorstspuit en Centurion (in km), soos die kraai vlieg deur gebruik te maak van die gegewe numeriese skaal op die kaart. (5)
- 1.4.2. Gebruik die gegewe numeriese skaal op die kaart om die werklike afstand (in km) tussen Bronkhorstspuit en Randburg (soos die kraai vlieg) te bepaal. (4)
- 1.4.3. Teken die tabel oor en voltooi: (4)

	Staafskaal	Numeriese skaal
Werk toe	A = _____ Km	B = _____ Km
Klasse toe	C = _____ Km	D = _____ Km

Bereken of daar `n verskil is tussen die staafskaal en die numeriese skaal:

- i) A – B
ii) C – D

- 1.5.1 Die afstande in V 1.4.3 is **(dieselfde/verskillend)** want _____ (2)
- 1.5.2 Die koste wat in V 1.3.4 bereken was is **(akkuraat/onakkuraat)**, want _____ (2)

TOTAAL: 50

